# AFDELING F
# KUNS

| Inskrywingsfooi per inskrywing |
|---|
| R 30.00 |

**Afdelings**

1. Basiese ontwerp (bv. Muurpaneel)
2. Skilderkuns
3. Kleurtekeninge (vetkryt, pastelle, koki's, ens.)
4. Potloodtekeninge
5. Grafiese werke (monodruk, lino, ets, ens.)

**Vereistes**

**Grootte**

- 42 cm x 60,5 cm (A2) (stukke moet asb. nie gemonteer word nie)

**Inhandiging**

- Stukke word op **28 Julie 2011** by die kantore van CMR Warnbad, Stasiehuis no. 1, Potgieterstraat (langs AUTOZONE), Bela-Bela ingedien.
- **LET WEL!! G**een laat inskrywings word aanvaar nie. Kunswerke word reeds voor die aanvang van die **Waterberg Abrakadabra Kunstefees** op **15 Aug. 2011** beoordeel, sodat sertifikate en kunswerke afgehaal kan word tydens die verloop van die ander afdelings.

**Algemene voorskrifte**

- Elke kunswerk moet van 'n datum agterop die kunswerk voorsien wees. Indien daar geen datum verskyn nie sal die organiseerders sodanige datum aanbring. Slegs oorspronklike 2010 – 2011 kunswerke word vir beoordeling aanvaar.
- Waar groot hoeveelhede inskrywings ingehandig word moet dit asb. in ouderdomsgroepe gesorteer word.
- Slegs een kunswerk per medium per persoon word in hierdie afdeling toegelaat.
- Kunswerke sonder inskrywingsvorms sal nie aanvaar word nie. Inskrywingsvorms moet asseblief stewig agter op die kunswerk aangebring word. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir besonderhede wat los kom van kunswerke af nie.
- Kunswerke kan tydens die ander afdelings van die **WAK** afgehaal word of by die CMR kantore na afloop van die **WAK**.